Konstitusie van die Afdeling Vrystaat van die Bergklub van Suid-Afrika

(Soos gewysig tydens 'n Algemene Ledevergadering
gehou op 16 Oktober 2004

INHOUDSOPGAWE

Konstitusie van die Afdeling Vrystaat van die Bergklub van Suid-Afrika

I	OMSKRYWING	2
II	DOELSTELLINGS	2
III	VERKIESING EN SAMESTELLING VAN DIE BESTUUR	2
IV	BEVOEGDHEDE EN VERGADERINGS VAN DIE BESTUUR	3
V	LEDE	4
VI	LEWENSLANGE LIDMAATSKAP	4
VII	SPESIALE TOEKENNINGS	4
VIII	ERELEDE	5
IX	LEDEGELD	5
X	JOERNAAL VAN DIE BERGKLUB	5
XI	BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP	6
XII	NIE-LEDE (GASTE)	6
XIII	LEDEVERGADERINGS	6
XIV	UITSTAPPIES EN LEIERS	7
XV	REGSPERSOONLIKHEID	8
XVI	FINANSIËLE SAKE	8
XVII	NIEWINSDELENDE KARAKTER VAN DIE ORGANISASIE	8
XVIII	VRYWARING	8
XIX	VERTOLKING VAN DIE KONSTITUSIE	9
XX	WYSIGING VAN DIE KONSTITUSIE	9
XXI	ONTBINDING VAN DIE AFDELING	9
XXII	DIE BERGKLUBWAPEN	10

- -ooOoo - -

KONSTITUSIE VAN DIE AFDELING VRYSTAAT VAN DIE BERGKLUB VAN SUID-AFRIKA.

I OMSKRYWING

1.1 Die Afdeling staan bekend as die Afdeling Vrystaat van die Bergklub van Suid-Afrika met sy hoofkwartier in Bloemfontein en word hierin na verwys as die Afdeling.

1.2 Die Afdeling is geaffilieer by die Bergklub van Suid-Afrika, hierna die ~~Klub~~ Bergklub genoem. Die doelstellings van die Afdeling is in ooreenstemming met die doelstellings van die Bergklub en die bepalings van die konstitusie van die Afdeling is aanvullend tot die bepalings van die grondwet van die Bergklub soos dit van tyd tot tyd gewysig mag word.

II DOELSTELLINGS

Die Afdeling, is ’n niewinsgewende organisasie wat gestig is met die uitsluitlike doel om die belange van rugpakstap en bergklim as ’n rekreasiesport te bevorder op (i) ’n nieprofessionele grondslag (ii) op ’n wyse wat dit toeganklik vir alle belangstellendes sal maak (iii) en algemene openbare belang sal bevorder. Die Afdeling onderskryf die volgende breë doelstellings:

2.1 om bergklimtogte te reël en te fasiliteer;

2.2 om toegangsregte tot die berge en berggebiede te bekom en uit te brei;

2.3 om mee te werk aan die beskerming van die natuurlike skoonheid en wilderniskarakter van berge en effektiewe bewaringsbestuur in hierdie verband te bevorder;

2.4 om om te sien na die veiligheid en opleiding van bergklimmers;

2.5 om soek- en reddingsgeselskappe te organiseer;

2.6 om die studie van berge en hul omgewing en die bewaring van historiese en argeologiese landmerke te bevorder en inligting oor berge en bergklim te versprei.

III VERKIESING EN SAMESTELLING VAN DIE BESTUUR

3.1 Die bestuur bestaan uit (i) ’n voorsitter, sekretaris, tesourier, die *Billi*-redakteur en ten minste twee addisionele lede wat tydens die Algemene Jaarvergadering deur die lede van die Afdeling per geslote stembriefie of deur 'n hoofdelike stemming verkies is; (ii) streeksverteenwoordigers soos deur die bestuur benoem na gelang van behoefte en beskikbaarheid.

3.2 Die bestuur wys 'n ondervoorsitter uit sy geledere aan.

3.3 Vakatures wat ontstaan, word deur die bestuur self aangevul.

3.4 Die bestuur mag sy geledere deur die koöptering van addisionele lede met geen stemreg, aanvul vir die onderneming van spesifieke take.

3.5 Die termyn van voorsitter en sekretaris verstryk na drie jaar, waarna gemelde bestuurslede vir die daaropvolgende termyn van drie jaar nie weer in dieselfde amp herkies mag word nie.

IV BEVOEGDHEDE EN VERGADERINGS VAN DIE BESTUUR

4.1 As gevolmagtigde verteenwoordigers van die Afdeling, tree die bestuur in alle sake namens die Afdeling op, insluitend die skakeling met die Sentrale Komitee van die Bergklub en ander Afdelings en instansies, onderhewig aan die konstitusie en die besluite van die ledevergadering.

4.2 Die bestuur stel 'n program met datums vir uitstappies en Afdelingsbyeenkomste vir die kalenderjaar saam en neem die verantwoordelikheid vir die uitvoering daarvan tot aan die einde van sy termyn.

4.3 Die bestuur moet homself op hoogte hou van gaste en uitstappies deur hulle bygewoon met die oog op moontlike ledewerwing.

4.4 Die bestuur verleen of beëindig lidmaatskap aan die Afdeling ooreenkomstig hierdie konstitusie.

4.5 Wanneer nodig, maak die bestuur aanbevelings aan die algemene jaarvergadering vir die wysiging van intree-, jaarlikse ledegeld en gastegelde.

4.6 ’n Verslag van die werksaamhede van die bestuur en ’n finansiële jaarverslag word by die algemene jaarvergadering voorgelê.

4.7 Die voorsitter belê bestuursvergaderings na goeddunke.

4.8 Indien drie of meer bestuurslede daarom vra, moet die voorsitter 'n vergadering belê.

4.9 Die voorsitter het 'n gewone en beslissende stem op alle vergaderings van die bestuur.

4.10 Vier bestuurslede vorm 'n kworum.

4.11 'n Bestuurslid verbeur sy/haar lidmaatskap van die bestuur indien hy/sy (i) as lid van die bestuur en/of Afdeling bedank. (ii) sonder verlof van die bestuur van twee opeenvolgende bestuursvergaderings afwesig is (streeksverteenwoordigers uitgesluit).

4.12 Bestuursvergaderings word genotuleer en sodanige notules is normaalweg slegs vir die bestuur ter insae. Die bestuur kan egter besluit om notules bekend te maak, maar dan slegs van sy eie ampstermyn.

3.12 Notules van bestuursvergaderings word aan bestuurslede saam met die stapprogram van die semester of saam met ander pos wat aan lede versend word na afloop van ’n bestuursvergadering, uitgestuur.

4.13 Die bestuur kan lede versoek om op subkomitees te dien of as verteenwoordigers vir die Afdeling op te tree vir spesifieke aangeleenthede en met paslike bevoegdhede soos deur die bestuur aan hulle verleen. Die bestuur kan hierdie subkomitees of hul samestelling wysig na gelang van omstandighede.

V LEDE

5.1 Die Afdeling bestaan uit (i) gewone lede, d.i. persone woonagtig in Bloemfontein, (ii) buitelede, d.i. persone woonagtig buite Bloemfontein, (iii) egpaarlede binne en buite Bloemfontein, (iv) studente- en juniorlede.

5.2 Lidmaatskap van die Afdeling word deur die bestuur, op grond van ’n aansoek deur 'n voornemende lid, verleen. Elke aansoek word op meriete behandel.

5.3 'n Aansoek om lidmaatskap geskied deur 'n skriftelike voorlegging van die aspirantlid of deur voorlegging van 'n aansoek deur 'n bestuurslid tydens 'n bestuursvergadering.

5.4 'n Aansoeker moet minstens (i) drie maande lank aktief aan die aktiwiteite van die Afdeling deelneem, (ii) ten minste drie amptelike uitstappies meemaak, en (iii) vyftien jaar of ouer wees om as lid te kwalifiseer.

5.5 Artikel 4.4 is nie van toepassing op ingeskrewe lede wat van ander afdelings afkomstig is en lidmaatskap van die Afdeling Vrystaat verlang indien hulle ’n brief van bevestiging en aanbeveling van die bestuur van die afdeling waarvan hulle afkomstig is, aanbied nie.

5.6 Geen toetreegelde is betaalbaar deur ’n ingeskrewe lid van ander Afdelings van die Bergklub nie en geen ledegeld word vir die jaar van toetrede gehef nie, indien bewys gelewer kan word dat gelde vir die betrokke jaar ten volle opbetaal is by die vorige afdeling waarby die lid ingeskakel is/was.

VI LEWENSLANGE LIDMAATSKAP

6.1 Persone wat minstens vyf jaar lank ononderbroke lid van die Afdeling was, kan om lewenslange lidmaatskap aansoek doen.

6.2 Aansoek om lewenslange lidmaatskap moet eenparig deur die bestuur op 'n bestuursvergadering goedgekeur word.

6.3 'n Eenmalige bedrag gelykstaande aan tien maal die bedrag wat gewone lidmaatskap bedra in die jaar waarin 'n lid om lewenslange lidmaatskap aansoek gedoen het, is binne dertig dae betaalbaar nadat so 'n lid deur die sekretaris in kennis gestel is dat sy/haar aansoek goedgekeur is.

6.4 Lewenslange lede betaal nie jaarlikse ledegeld nie.

VII SPESIALE TOEKENNINGS

7.1 Persone wat vir 20 jaar of langer 'n lid van die Afdeling is, ontvang eenmalig 'n spesiale lapwapen wat vir hierdie doel geborduur is.

7.2 Persone wat vir 30 jaar of langer 'n lid van die Afdeling is, ontvang eenmalig 'n pen wat spesiaal vir hierdie doel gegraveer is.

7.3 Lede van die Afdeling wat oor 'n aantal jare 'n besondere bydrae of diens aan die Afdeling en sy werksaamhede gelewer het, kan 'n spesiale toekenning, bekend as die *Goue Billi Toekenning,* as erkenning ontvang. Die toekenning bestaan uit 'n oorkonde en 'n goue medalje wat spesiaal vir hierdie doel gegraveer is. Vergelyk 8.1.

7.4 Nominasies vir die *Goue Billi Toekenning* word aan die bestuur voorgelê. Die bestuur beslis oor die meriete van die nominasie ooreenkomstig neergelegde kriteria vir hierdie toekenning.

7.5 Bogenoemde toekennings word tydens die Afdeling se ledevergadering, of tydens 'n ander spesiale geleentheid gedoen.

VIII ERELEDE

8.1 Benoeming van lede of geskikte-buitestanders wat 'n belangrike bydrae tot die welsyn en aktiwiteite van die Afdeling lewer, kan deur die bestuur as erelede benoem word onderhewig aan die goedkeuring daarvan by 'n algemene ledevergadering.

8.2 Erelede is vrygestel van die betaling van ledegelde.

8.3 Buitestanders wat as erelede aangestel is, beskik nie oor stemreg nie.

IX LEDEGELD

9.1 Ledegeld, intreegeld en gastegeld word jaarliks tydens die algemene jaarvergadering bepaal op aanbeveling van die bestuur.

9.2 Ledegeld is jaarliks betaalbaar voor of op 30 April.

9.3 Nielede en gaste ouer as 15 jaar sal 'n bedrag per uitstappie betaal soos deur die ledevergadering op aanbeveling van die bestuur vasgestel is.

X JOERNAAL VAN DIE BERGKLUB

10.1 Kragtens ’n besluit van die Sentrale Komitee van die Bergklub van Suid-Afrika is alle stemgeregtigde lede vanaf 2004 verplig om op die *Joernaal van die Bergklub* in te teken op die grondslag van een eksemplaar van elke uitgawe per huishouding.

10.2 Die koste van die subskripsie tot die Joernaal sal jaarliks saam met die Afdeling se ledegeldfaktuur uitgestuur word en as ’n afsonderlike item naas die verskuldigde ledegeld aangedui word.

10.3 Lede wat aan meer as een afdeling behoort moet spesifiseer by watter afdeling hulle hul subskripsiegeld vir die Joernaal wil betaal.

XI BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

11.1 'n Lid kan sy/haar lidmaatskap opsê deur sy/haar bedanking skriftelik aan die sekretaris te gee.

11.2 Die bestuur mag die lidmaatskap van 'n persoon beëindig

(i) wie se lidmaatskapgeld nie betaal is nie;

(ii) wie se optrede na oordeel van die bestuur die doelstellings en goeie naam van die Bergklub of Afdeling skend.

11.3 Persone wie se lidmaatskap kragtens 10.2 beëindig is, mag nie verder aan die Bergklub of Afdeling se aktiwiteite deelneem nie.

11.4 Intree- en ledegeld is nie terugbetaalbaar nie.

11.5 Die sekretaris moet 'n persoon skriftelik in kennis stel van die besluit dat lidmaatskap beëindig is.

XII NIELEDE (GASTE)

12.1 Bywoning van 'n uitstappie deur 'n nielid kan deur die bestuur of toerleier geweier word.

12.2 Onervare nielede word nie vir hul eerste uitstappie toegelaat op 'n staptoer oor 'n langnaweek nie.

12.3 Alle nielede, uitgesonderd lede van ander afdelings, moet gastegelde en 'n vrywaringsvorm onderteken vir elke uitstappie wat hul meemaak.

12.4 Nielede, uitgesonderd kinders wat nog nie 15 jaar oud is nie, mag 'n maksimum van vyf uitstappies meemaak. Daarna is lidmaatskap 'n voorvereiste vir verdere deelname.

12.5 Nielede onder vyftien jaar moet deur 'n ouer of voog vergesel word.

12.6 Kinders onder die ouderdom van agt jaar kan uitstappies langer as een dag slegs met die goedkeuring van die toerleier en op grond van vorige stap-ervaring meemaak.

XIII LEDEVERGADERINGS

13.1 'n Algemene ledevergadering moet elke jaar gedurende die laaste kwartaal van die jaar gehou word.

13.2 Die sekretaris moet alle lede minstens veertien dae voor 'n algemene ledevergadering skriftelik of per e-pos daarvan kennis gee.

13.3 Die volgende rubrieke moet elke jaar op die sakelys verskyn:

(i) Jaarverslag;
(ii) Finansiële verslag;
(iii) Vasstelling van toetree-, lede- en gastegelde;

(iv) Verkiesing van 'n nuwe bestuur.

13.4 'n Buitengewone ledevergadering kan deur die bestuur belê word of wanneer minstens vyftien lede die bestuur skriftelik daartoe versoek.

13.5 Onderhewig aan die bepalings van die konstitusie, het die ledevergadering die hoogste gesag oor alle aangeleenthede rakende die Afdeling.

13.6 Alle besluite tydens die ledevergadering, uitgesonderd dié rakende die konstitusie, afdanking van bestuurslede, of die ontbinding van die Afdeling word deur 'n gewone meerderheid van die aanwesige lede geneem. Voorgenoemde uitsonderings vereis 'n tweederdemeerderheid van die aantal lede teenwoordig.

13.7 Een kwart van die lede vorm 'n kworum.

13.8 Indien 'n kworum nie verkry is nie, maar behoorlik vooraf kennis gegee is van die vergadering, kan die vergadering konstitueer sonder 'n kworum met voorbehoud dat die besluite skriftelik of per e-pos aan lede uitgestuur sal word vir goed- of afkeuring binne 30 dae na die vergadering.

13.9 Die voorsitter, of in sy/haar afwesigheid die ondervoorsitter, presideer oor die gewone ledevergadering en beskik oor 'n gewone en beslissende stem in geval van ’n staking van stemme.

XIV UITSTAPPIES EN LEIERS

14.1 'n Toerleier word vir elke uitstappie deur die bestuur aangewys en hy/sy moet hom-/haarself op hoogte stel van die reëlings vir die uitstappie, die terrein en die roete.

14.2 Alle lede is geregtig om uitstappies mee te maak behalwe as die grootte van die groep deur die bestuur of omstandighede beperk word.

14.3 Die toerleier moet hom-/haarself vergewis dat alle gaste die vrywaringsvorms onderteken het.

14.4 Die toerleier sorg dat die gastegelde en deposito's waar van toepassing, ingevorder word en aan die tesourier of sekretaris oorbetaal word.

14.5 Die toerleier is verantwoordelik vir die vervoerreëlings, en besluit watter roete gevolg sal word en waar oornag sal word.

14.6 Die toerleier moet alle redelike maatreëls tref vir die veiligheid van die groeplede.

14.7 Die groeplede aanvaar die gesag van die toerleier en mag nie die groep verlaat sonder om die toerleier daarvan in kennis te stel nie

14.8 Die toerleier stel 'n verslag op na afloop van die uitstappie wat die name van lede en gaste wat die uitstappie meegemaak het, bevat en rapporteer of gaste geskikte kandidate vir lidmaatskap sal wees.

XV REGSPERSOONLIKHEID

Die Afdeling is 'n regspersoon wat onafhanklik van sy lede bestaan en gevolglik:

15.1 beskik die Afdeling oor perpetuerende regsopvolging ongeag die wisseling van sy lede;

15.2 is die Afdeling die alleeneienaar van alle bates en fondse en is geen bates of fondse die eiendom van die Bergklub of enige lid van die Afdeling nie;

15.3 is die Afdeling bevoeg om in 'n hof ten behoewe van enige lid van die bestuur of die Afdeling, rakende die doelstellings van die Afdeling, op te tree;

15.4 is die persoonlike aanspreeklikheid van 'n lid van die Afdeling beperk tot die opvordering van sy/haar verskuldigde ledegeld.

XVI FINANSIËLE SAKE

16.1 Die bestuur sal (’n) bankrekening(s) by ’n geregistreerde bankinstelling hou in die naam van die Afdeling. Die tesourier sal verseker dat alle gelde van die Afdeling in die bg. bankrekening(s) gedeponeer word so gou as moontlik na ontvangs daarvan.

16.2 Die bestuur sal toesien dat ’n behoorlike finansiële rekord en boekhoustelsel in stand gehou word wat ’n getroue weerspieëling van die Afdeling se finansies sal bied.

16.3 Die Afdeling se finansiële jaareinde is 31 Desember sodat ’n behoorlik geouditeerde finansiële verslag en die jaareindstate aan die jaarvergadering in Februarie die daaropvolgende jaar voorgelê kan word.

XVII NIEWINSDELENDE KARAKTER VAN DIE VERENIGING

Die inkomste en bates van die Afdeling word uitsluitlik aangewend vir die bevordering van die verklaarde doelstellings van die Afdeling. Geen gedeelte van die inkomste of bates van die Afdeling sal betaal of uitgedeel word aan enige persoon nie (anders as in die uitvoering van die normale, algemene aktiwiteite van die Afdeling) of aan enige lid van die Bestuur, behalwe as (i) redelike kompensasie vir werklike dienste gelewer aan die Afdeling, en (ii) terugbetaling vir werklike koste of uitgawes aangegaan in belang van die Afdeling en/of die Bergklub.

XVIII VRYWARING

18.1 Alle lede en gaste woon uitstappies op eie risiko by. ’n Uitstappie sluit in alle handelinge vanaf die vertrekpunt of tuiste tot en met die terugkeer na die punt of tuiste.

18.2 Minderjarige lede en gaste gee verder 'n skriftelike vrywaringsonderneming in dier voege aan die Afdeling.

18.3 Geen bestuurslid of enige ander ampsdraer van die Afdeling sal aanspreeklik wees vir handelinge, ontvangste, nalatigheid, of enige verlies, skade of uitgawes wat ontstaan het in die uitvoering van sy/haar pligte of amp, behalwe wanneer dit toegeskryf kan word aan sy/haar oneerlikheid of versuim om die graad van versigtigheid en vaardigheid aan die dag te lê wat redelikerwys deur die wet vereis kan word.

XIX DIE BERGKLUBWAPEN

19.1 Die Bergklubwapen is geregistreer in die naam van die Bergklub van Suid-Afrika en mag nie vir kommersiële of ander redes deur nielede gebruik word nie.

19.2 Die silwer lapelwapen van die Bergklub, sakwapens en klubdasse is onmiddellik na toekenning van lidmaatskap teen betaling aan lede beskikbaar.

XX VERTOLKING VAN DIE KONSTITUSIE

Indien enige twyfel sou ontstaan oor die korrekte vertolking van hierdie konstitusie of die reëls van die Afdeling, sal die vertolking van die meerderheid van die bestuur as die finale en bindende interpretasie aanvaar word.

XXI WYSIGING VAN DIE KONSTITUSIE

21.1 Die konstitusie kan deur 'n tweederde meerderheid tydens 'n ledevergadering gewysig word, mits sodanige wysigings nie strydig is met enige bepalings van die grondwet van die Bergklub nie.

21.2 Voorstelle tot wysiging van die konstitusie moet skriftelik aan die sekretaris gerig word en moet deur een lid as voorsteller en vier lede as sekondante onderteken wees.

21.3 Indien 'n buitengewone ledevergadering vir hierdie doel belê word, is artikel 13.4, 13.6 en 13.7, 13.8 van krag.

XXII ONTBINDING VAN DIE AFDELING

22.1 Indien die prosedure in 13.2 en 13.3 gevolg word, kan 'n tweederdemeerderheid van lede by 'n algemene of buitengewone ledevergadering besluit om die Afdeling te ontbind.

22.2 Nadat alle skulde betaal en verpligtinge nagekom is, sal die Bestuur van die Afdeling in opdrag van die ledevergadering enige oorblywende bates by wyse van ’n skenking oordra aan die Sentrale Komitee van die Bergklub of aan enige ander niewinsdelende organisasie wat dieselfde of soortgelyke doelstellings as die Afdeling koester.